Verwysing: 20200904-7868
Lêerno.: 12/12/46
Navrae: G Ismail

e-Leer-minuut: DEL 0002/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Onderwysers van alle gewone openbare en spesiale skole

Onderwerp: Inleiding tot die @Home Remote Teaching and Learning Series vir onderwysers, ouers en leerders

1. Die Direktoraat: e-Leer van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wil graag die @Home Remote Teaching and Learning Series aan onderwysers, ouers en leerders bekendstel. Hierdie platforms dien as leergeleenthede om afstandsonderrig en -leer vir onderwysers, ouers en leerders te vergemaklik waar jy die pas aangee soos dit jou pas.

2. Hierdie ondersteuningsreeks is gemik op die onderwyser, ouer, en leerder, wat elkeen 'n eie webwerf het wat op rekenaar- en mobiele toestelle beskikbaar is. Die drie webwerwe bied verkenningsbegeleiding, hulpbrononderssteuning, en help om 'n bevorderlike omgewing vir afstandsonderrig en -leer te skep. Toegang tot al drie webwerwe kan via die @Home Remote Teaching and Learning Series se amptelike webwerf verkry word by: https://wcedeteacher.wixsite.com/remoteeducation.

3. 'n Oorsig van die afstandsonderrig en -leer reeks:

3.1. Die eerste komponent van die reeks fokus op onderwysers met behulp van die **@Home Teacher Remote Teaching and Learning Series**. Hierdie webwerf dien as 'n leergeleentheid waar jy die pas aangee soos dit jou pas, en is daarop gemik om 'n onderwyser se afstandsonderrig- en leerpraktyke te versterk en digitale leerinstrumente te verken.

Die onderwyserpakket bestaan uit 5 modules met meer as 150 hulpbronne, aanlynkursusse, en 'n lys van opgeneemde en komende webinare wat bestudeer kan word:

- Module 1: DIY Home Classroom
- Module 2: Teaching Strategies
- Module 3: Finding Digital Content
- Module 4: Creating Content
- Module 5: Sharing Platforms

Toegang tot die webwerf kan verkry word via https://wcedeteacher.wixsite.com/eteacher.

3.2 Die tweede komponent van die reeks fokus op ouers met behulp van die **@Home Parent Remote Teaching and Learning Series**. Hierdie Parent Toolkit vir afstandsonderrig en -leer help ouers om tuisonderrig te vergemaklik en bied 'n oorsig van verskillende opvoedkundige platforms wat kan help om 'n bevorderlike leeromgewing tuis te skep.

Die Parent Toolkit is in 5 'toolboxes' verdeel om afstandsonderrig te vergemaklik, en sluit meer as 100 hulpbronne in:

- Toolbox 1: Parent Involvement
- Toolbox 2: Creating and managing learning environments
- Toolbox 3: Enable Communication
- Toolbox 4: Enable Learning
- Toolbox 5: Cyber Wellness

Toegang tot die webwerf kan verkry word via https://wcedeteacher.wixsite.com/parenttoolkit.

3.3 Die derde komponent van die reeks fokus op leerders met behulp van die **@Home_Learner Remote Teaching and Learning Series**. Hierdie komponent is daarop gemik om die uitdagings wat baie leerders in die gesig staar, te hanteer wanneer hulle onderrig en leer vanuit hul tuisomgewing bestuur, en dit bied leiding om hulself met selfvertroue en produktiwiteit te organiseer.

Dit is 'n leergeleentheid vir afstandsonderrigleerders vanaf 10 jaar en ouer om teen hul eie pas te leer. 'n Spesiale afdeling is hierby ingesluit om ontspanningsaktiwiteite te beoefen, opvoedkundige speletjies te speel, sowel as 'n afdeling oor kuberwelstand om aanlyn-etiket en -kommunikasie te verbeter. Die skryfstyl en taalgebruik in hierdie afdeling is informeel en maak gebruik van die sosiale media-benadering vir kommunikasie.

Die komponent bestaan uit vyfhutstekens met meer as 150 hulpbronne, waar leerders "**Follow the Hashtag**" kan volg' om afstandsonderrig en -leer te lei:

- #Prepping2Learn
- #LearnWithMe
- #CurriculumForward
- #BreakTime
- #ThinkBeforeYouPost

Toegang tot die webwerf kan verkry word via https://wcedeteacher.wixsite.com/learnfromhome.

4. Al drie webwerwe is beskikbaar via verskillende WKOD-platforms:

ePortal	www.wcedeportal.co.za
eLearning SideKick	https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning
Facebook	https://web.facebook.com/wcedelearning
Instagram	https://www.instagram.com/wced_elearning
Twitter	https://twitter.com/WCED_eCulture
Landing webpage	https://wcedeteacher.wixsite.com/remoteeducation

5. U samewerking in hierdie verband word opreg waardeer.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut met onderwysers, ouers en leerders te deel.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-09-07